

# VIR DIE




**Dié vier bostukke wat volgens dieselfde basiese patroon gemaak en dan met blommotiewe geborduur word, is ideaal vir die student wat nou haar kampusklere beplan**



## ROOS

**BENODIGDHEDE:** *Nr. 8-pêrelkatoen in 2 skakeringe van pienk en 2 skakeringe van groen; 1 meter wit linne, so breed soos benodig.*

**AANWYSINGS:** Knip materiaal deur buitelyne van diagram te volg. Vou dit by die stippellyne om vir some. Werk nate toe en some vas.

Maak 4 knoopsgate in agterpant.

Vou skouerbandjies by stippellyne om, laat 0,5 cm toe en stik naat. Dop bandjie na regte kant om, stik nog 'n naat, 0,3 cm vanaf eerste stiksel.

Trek blom en blare af(raadpleeg foto) en borduur in digte saadsteekwerk. Borduur twee siernate in dubbelagtersteek, een groen en een pienk, oor lengte van skouerband.

## LIEFDEKNOOP

**BENODIGDHEDE:** *Nr. 8-pêrelkatoen in 3 verskillende skakeringe van blou, groen of geel; 60 cm wit linne, so breed soos benodig.*

**AANWYSINGS:** Knip materiaal deur buitelyne van diagram te volg. Werk daarna nate toe en some vas.

Maak 4 knoopsgate in agterpant.

Vou skouerbandjies by stippellyn om, laat 0,5 cm toe en stik naat. Dop bandjie na regte kant om, stik nog 'n naat, 0,3 cm vanaf

# KAMPUSNOOI




eerste stiksel.

Trek die liefdeknoop in middel van bostuk af en borduur kruissteek. Borduur blomme in platsteek en blomhartjies in stamsteek. Borduur 'n ry kruissteke oor skouerbandjies. Trek 6 drade uit rondom borand, net onder soom en werk 'n oopwerksoom. Neem 6 drade saam op aan die een kant van soom, en aan teenoorgestelde kant, neem 3 drade van een bondel, 3 van die volgende bondel van 6 en verspring die patroontjie.

## TULP

**BENODIGDHEDE:** *Nr. 8-pêrelkatoen in 4 verskillende skakeringe van pienk en 3 van groen; 60 cm wit linne, so breed soos benodig.*

**AANWYSINGS:** Knip materiaal deur buitelyne van diagram te volg en vou dit om by stippellyne vir some. Werk nate toe en some vas.

Maak 4 knoopsgate in agterpant.

Vou skouerbandjies by stippellyne om, laat 0,5 cm toe en stik naat. Dop bandjie na regte kant om, stik nog 'n naat 0,3 cm vanaf eerste stiksel.

Trek blom en blare af en borduur met digte **saadsteekwerk** en die steeltjies met 4 rye stamsteek, dig langs mekaar.

Borduur buitelyne met stamsteek om

buitenste rand van blomme te laat uitstaan. Borduur 3 rye stamsteek op skouerbandjies, met groen in middel en pienk aan weerskante.


Slaan 4 cm aan borand om en werk soom vas. Trek 4 drade uit en werk 'n dubbele oopwerksoom.

## PRIMULA


**BENODIGDHEDE:** *Nr. 8-pêrelkatoen in 3 skakeringe van geel, 2 van groen en goudgeel; 60 cm linne, so breed soos benodig.*

**AANWYSINGS:** Knip materiaal deur buitelyne van diagram te volg. Vou dit by stippellyne om vir some. Werk nate toe en some vas.


Knip 4 knoopsgate in agterpant. Vou skouerbandjies by stippellyne om, laat 0,5 cm toe en stik naat. Dop bandjie na regte kant om, stik nog 'n naat, 0,3 cm vanaf eerste stiksel. Trek blom en blare in middel van voorpant af en borduur blare en blomme in digte saadsteekwerk en die steeltjies in stamsteek. Borduur 'n ry kettingsteke op skouerbandjies. ●





LIEFDEKNOOP




PRIMULA





TULP




DIAGRAM

